# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
## OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

R0.30 | Vrydag 15 Julie 1988 | WINDHOEK | Friday 15 July 1988 | No. 5575


INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**


No. 122 Vrystelling van bepalings van artikel 106, 115 en 116 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967: Ministers en Adjunk-Ministers 2

No. 123 Nasionale Bou- en Beleggingskorporasie van Suidwes-Afrika, Beperk: Vermeerdering van aandelekapitaal 2

No. 124 Verandering van Tarieflys vir Telekommunikasiedienste 3

No. 125 Wet op Pensioene vir Statutêre Instellings, 1980 (Wet 3 van 1980): Verklaring van die Ontwikkelingsfonds van Suidwes-Afrika/Namibië en die Suidwes-Afrikaanse Akkerbouraad as Statutêre Instellings 4


**ALGEMENE KENNISGEWINGS**


No. 110 Skuld van die Sentrale Inkomstefonds 5

No. 111 Munisipaliteit Grootfontein: Bedrag van die belasting op die aanhou van honde 6

No. 112 Munisipaliteit van Otavi: Openbare veiling 6

No. 113 Outjo Munisipaliteit: Dorpsbeplanningskema 7

No. 114 Keetmanshoop Munisipaliteit: Dorpsbeplanningskema 7

No. 115 Stad Windhoek: Permanente sluiting van 'n gedeelte van Sanderburgstraat, Klein Windhoek 8


CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES**


No. 122 Exemption from provisions of section 106, 115 and 116 of the Road Traffic Ordinance, 1967: Ministers and Deputy Ministers 2

No. 123 National Building and Investment Corporation of South West Africa, Limited: Increase of share capital 2

No. 124 Alteration of rates for Telecommunication Services 3

No. 125 Statutory Institutions Pensions Act, 1980 (Act 3 of 1980): Declaration of the Development Fund of South West Africa/Namibia and the South West African Agronomic Board as Statutory Institutions 4


**GENERAL NOTICES**


No. 110 Debt of the Central Revenue Fund 5

No. 111 Municipality of Grootfontein: Amount of tax on the keeping of dogs 6

No. 112 Municipality of Otavi: Public auction 6

No. 113 Outjo Municipality: Town Planning Scheme 7

No. 114 Keetmanshoop Municipality: Town Planning Scheme 7

No. 115 City of Windhoek: Permanent closing of portion of Sanderburg Street, Klein-Windhoek. 8

# Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 122 1988

VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN ARTIKELS 106, 115 EN 116 VAN DIE ORDONNANSIE OP PADVERKEER 1967: MINISTERS EN ADJUNK-MINISTERS

Kragtens artikel 180 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) stel die Kabinet hierby elke Minister en Adjunk-Minister in die Kabinet van die Regering van Suidwes-Afrika vry van die bepalings van artikels 106, 115 en 116 van genoemde Ordonnansie op voorwaarde dat bedoelde vrystelling slegs geld -

(a) ten opsigte van alle strate in Windhoek;

(b) ten opsigte van die motorvoertuie met registrasiemerke en -nommers SW 40149, SW 40155, SW 42578 en SW 51862; en

(c) mits en solank 'n skyf met die nommer 091, 277, 278 of 279 en uitgereik deur die Sekretaris van Vervoer op die voorruit van die betrokke motorvoertuig vertoon word.

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 21 Junie 1988

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 123 1988

NASIONALE BOU- EN BELEGGINGSKORPORASIE VAN SUIDWES-AFRIKA, BEPERK: VERMEERDERING VAN AANDELEKAPITAAL

Kragtens artikel 16(2) van die Proklamasie op die Nasionale Bou- en Beleggingskorporasie van Suidwes-Afrika, 1978 (Proklamasie AG. 60 van

# Government Notices

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 122 1988

EXEMPTION FROM PROVISIONS OF SECTIONS 106, 115 AND 116 OF THE ROAD TRAFFIC ORDINANCE, 1967: MINISTERS AND DEPUTY MINISTERS

Under section 180 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967), the Cabinet hereby exempts every Minister and Deputy Minister in the Cabinet of the Government of South West Africa from the provisions of sections 106, 115 and 116 of the said Ordinance subject to the condition that the said exemption shall only apply -

(a) in respect of all streets in Windhoek;

(b) in respect of the motor vehicles with registration marks and numbers SW 40149, SW 40155, SW 42578 and SW 51862; and

(c) provided that, and as long as, a disc bearing the number 091, 277, 278 or 279 and issued by the Secretary for Transport is being displayed on the windscreen of the motor vehicle concerned.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 21 June 1988

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 123 1988

NATIONAL BUILDING AND INVESTMENT CORPORATION OF SOUTH WEST AFRICA, LIMITED: INCREASE OF SHARE CAPITAL

Under section 16(2) of the National Building and Investment Corporation of South West Africa Proclamation, 1978 (Proclamation AG. 60 of

1978), op aanbeveling van die raad van direkteure van die Nasionale Bou- en Beleggingskorporasie van Suidwes-Afrika, Beperk -

(a) vermeerder die Kabinet hierby die aandelekapitaal van genoemde Korporasie na R75 000 000; en

(b) trek die Kabinet hierby Goewermentskennisgewing AG. 194 van 1986 in.

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 25 Mei 1988

1978), upon recommendation of the board of directors of the National Building and Investment Corporation of South West Africa, Limited -

(a) the Cabinet hereby increases the share capital of the said Corporation to R75 000 000; and

(b) the Cabinet hereby withdraws Government Notice AG. 194 of 1986.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 25 May 1988

---

## DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

No. 124 1988

### VERANDERING VAN TARIEFLYS VIR TELEKOMMUNIKASIEDIENSTE

Kragtens artikel 2B(1)(e) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), verander ek hierby, met die goedkeuring van die Kabinet, die tariewe wat ten opsigte van telekommunikasiedienste deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese gelewer, geëis of ontvang moet word, deur die Tarieflys vir Telekommunikasiedienste afgekondig by Goewermentskennisgewing 1192 van 1 Julie 1977, met ingang van 18 Julie 1988 verder te wysig soos in die Bylae uiteengesit.

J.J. VAN RENSBURG
Posmeester-generaal Windhoek, 30 Junie 1988

### BYLAE

Die genoemde Tarieflys word hierby gewysig deur in item 42.0 van Deel IV die volgende subitem by te voeg:

"42.2 Pakkieskakeldiens tussen Suidwes-Afrika en Suid-Afrika:

## DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

No. 124 1988

### ALTERATION OF RATES FOR TELECOMMUNICATION SERVICES

Under section 2B(1)(e) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), I hereby, with the approval of the Cabinet, alter the rates to be demanded or received in respect of telecommunication services rendered by the Department of Posts and Telecommunications, by further amending, with effect from 18 July 1988, the tariff of Telecommunication Services promulgated under Government Notice 1192 of 1 July 1977, as set out in the Schedule.

J.J. VAN RENSBURG
Postmaster-General Windhoek, 30 June 1988

### SCHEDULE

The said Tariff is hereby amended by the addition to item 42.0 of Part IV of the following subitem:

"42.2 Packet Switching Service between South West Africa and South Africa:

| | | |
|---|---|---|
| 42.2.1 | Pakkietellingkoste | |
| 42.2.1.1 | Per 10 segmente of gedeelte daarvan: | 9c |
| 42.2.2 | Oproepduurkoste | |
| 42.2.2.1 | Per minuut of gedeelte daarvan: | 15c". |

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 125 1988

### WET OP PENSIOENE VIR STATUTÊRE INSTELLINGS, 1980 (WET 3 VAN 1980): VERKLARING VAN DIE ONTWIKKELINGSFONDS VAN SUIDWES-AFRIKA/NAMIBIë EN DIE SUIDWES-AFRIKAANSE AKKERBOURAAD AS STATUTÊRE INSTELLINGS

Kragtens artikel 3 van die Wet op Pensioene vir Statutêre Instellings, 1980 (Wet 3 van 1980), verklaar die Kabinet hierby die Ontwikkelingsfonds van Suidwes-Afrika/Namibië, ingestel by artikel 2 van die Wet op die Ontwikkelingsfonds van Suidwes-Afrika/Namibië, 1987 (Wet 29 van 1987), en die Suidwes-Afrikaanse Akkerbouraad, ingestel by artikel 3 van die Proklamasie op die Akkerboubedryf, 1985 (Proklamasie AG. 11 van 1985), met ingang van 1 Junie 1988 as statutêre instellings vir die doeleindes van eersgenoemde Wet.

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 21 Junie 1988

---

| | | |
|---|---|---|
| 42.2.1 | Packet count charge | |
| 42.2.1.1. | Per 10 segments or part thereof: | 9c |
| 42.2.2 | Call duration charge | |
| 42.2.2.1 | Per minute or part thereof: | 15c". |

## DEPARTMENT OF FINANCE

No. 125 1988

### STATUTORY INSTITUTIONS PENSIONS ACT, 1980 (ACT 3 OF 1980): DECLARATION OF THE DEVELOPMENT FUND OF SOUTH WEST AFRICA/NAMIBIA AND THE SOUTH WEST AFRICAN AGRONOMIC BOARD AS STATUTORY INSTITUTIONS

Under section 3 of the Statutory Institutions Pensions Act, 1980 (Act 3 of 1980), the Cabinet hereby declares the Development Fund of South West Africa/Namibia, established by section 2 of the Development Fund of South West Africa/Namibia Act, 1987 (Act 29 of 1987), and the South West African Agronomic Board, established by section 3 of the Agronomic Industry Proclamation, 1985 (Proclamation AG. 11 of 1985), to be statutory institutions for the purposes of the first-mentioned Act, with effect from 1 June 1988.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 21 June 1988

# Algemene Kennisgewings

# General Notices

No. 110 1988

## SKULD VAN DIE SENTRALE INKOMSTEFONDS/

## DEBT OF THE CENTRAL REVENUE FUND

STAAT VAN SKULD WAT LATER 'N LAS TEEN DIE SENTRALE INKOMSTEFONDS SAL UITMAAK /

STATEMENT OF DEBT WHICH WOULD LATER CONSTITUTE A CHARGE TO THE CENTRAL REVENUE FUND

| AARD VAN SKULD NATURE OF DEBT/ | SKULD OP/ DEBT ON 1987-03-31 | SKULD OP/ DEBT ON 1988-03-31 |
|---|---|---|
| | R | R |
| Buitelandse lenings - Foreign loans ......... | 167 991 958 | 158 959 476 |
| Effektelenings - Stock loans ........... | 604 484 400 | 569 716 400 |
| Ander lenings - Other loans ........... | 22 400 000 | 68 800 000 |
| Ontwikkelingsobligasies - Development Bonds ....... | 59 790 | 1 517 960 |
| Totaal - Total ........ | 794 936 148 | 798 993 836 |

Onderhewig aan ouditering / Subject to auditing.

Departement van Finansies
Department of Finance
WINDHOEK

No. 111 1988

## MUNISIPALITEIT GROOTFONTEIN

### BEDRAG VAN DIE BELASTING OP DIE AANHOU VAN HONDE:

Kragtens artikel 3(6) van die Munisipale Hondebelastingsordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967), soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Raad van die Munisipaliteit van Grootfontein die toepaslike bedrag in die Bylae vermeld kragtens artikel 3(i) van genoemde Ordonnansie bepaal het as die bedrag van die belasting wat die Raad van genoemde Munisipaliteit ingevolge artikel 2 van genoemde Ordonnansie op die aanhou van enige hond binne die munisipale gebied van Grootfontein gelê het vanaf datum van publikasie hiervan.

D.J. HUGO
STADSKLERK

BYLAE

(a) Vir ongesnyde teef — R20,00
(b) Vir die eerste of tweede reun of gesnyde teef — R5,00
(c) Vir die derde en elke daaropvolgende reun of gesnyde teef — R10,00

---

No. 111 1988

## MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN

### AMOUNT OF TAX ON THE KEEPING OF DOGS:

Under section 3(6) of the Municipal Dog Tax Ordinance 1967 (Ordinance 13 of 1967) as amended, it is hereby made known that the Council of the Municipality of Grootfontein under section 3(i) of the said Ordinance determined the appropriate amount mentioned in the Schedule as the tax which the Council of the said Municipality has imposed in accordance with section 2 of the said Ordinance on the keeping of any dog within the municipal area of Grootfontein with effect from the date of publication hereof.

D. J. HUGO
TOWN CLERK

SCHEDULE

(a) For every unspayed bitch — R20,00
(b) For the first or the second male dog or spayed bitch — R5,00
(c) For the third and every subsequent male dog or spayed bitch — R10,00

---

No. 112 1988

## MUNISIPALITEIT VAN OTAVI

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 171(4) van die Munisipale Ordonnansie 13 van 1963 dat die ondergenoemde erwe op 'n openbare veiling verkoop word by die Munisipale kantoor op 22 Julie 1988 om 10h00.

| Geregistreerde eienaar | Erf nr. | Grootte |
|---|---|---|
| J.H. van Schalkwyk | 68 | 1 525 |
| J.H. van Schalkwyk | 71 | 1 575 |
| F.S. Swartz | 140 | 1 360 |
| F.S. Swartz | 143 | 1 360 |
| I.J. de Klerk | 343 | 1 360 |

No. 112 1988

## MUNICIPALITY OF OTAVI

Notice is hereby given in terms of Section 171(4) of the Municipal Ordinance, No 13 of 1963, as amended, that the undermentioned erven will be sold by public auction at the Municipal Office on 22nd July 1988 at 10h00.

| Registered Owner | Erf no. | Area Sq.m. |
|---|---|---|
| J.H. van Schalkwyk | 68 | 1 525 |
| J.H. van Schalkwyk | 71 | 1 575 |
| F.S. Swartz | 140 | 1 360 |
| F.S. Swartz | 143 | 1 360 |
| I.J. de Klerk | 343 | 1 360 |

| | | |
|---|---|---|
| T.J. Kotze | 354 | 1 310 |
| T.J. Kotze | 355 | 1 310 |
| T.J. Kotze | 356 | 1 400 |
| T.J. Kotze | 357 | 1 400 |
| T.J. Kotze | 358 | 1 316 |
| T.J. Kotze | 359 | 1 360 |
| T.J. Kotze | 361 | 1 360 |
| K.N. Kruger | 373 | 1 400 |
| Suiwel (Koöp) Bpk | 200 | 1 600 |
| Suiwel (Koöp) Bpk | 203 | 1 550 |
| M.P. Smalberger | 158 | 1 360 |

J.A. VAN VUUREN
STADSKLERK


| | | |
|---|---|---|
| T.J. Kotze | 354 | 1 310 |
| T.J. Kotze | 355 | 1 310 |
| T.J. Kotze | 356 | 1 400 |
| T.J. Kotze | 357 | 1 400 |
| T.J. Kotze | 358 | 1 316 |
| T.J. Kotze | 359 | 1 360 |
| T.J. Kotze | 361 | 1 360 |
| K.N. Kruger | 373 | 1 400 |
| Suiwel (Koöp) Bpk | 200 | 1 600 |
| Suiwel (Koöp) Bpk | 203 | 1 550 |
| M.P. Smalberger | 158 | 1 360 |


J.A. VAN VUUREN
TOWN CLERK

---

No. 113 1988

OUTJO MUNISIPALITEIT
DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 7(2) van Ordonnansie Nr. 18 van 1954, soos gewysig, dat die Raad van voorneme is om vir die Munisipale Gebied van Outjo 'n dorpsbeplanningskema te laat opstel.

G LEMMER
STADSKLERK

Munisipale Kantore
Posbus 51
OUTJO

No. 113 1988

OUTJO MUNICIPALITY
TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of Section 7(2) of the Ordinance No. 18 of 1954, as amended, that the Council intends drawing up a town planning scheme for the Municipal Area of Outjo.

G LEMMER
TOWN CLERK

Municipal Offices
P O Box 51
OUTJO

---

No. 114 1988

KEETMANSHOOP MUNISIPALITEIT

DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 7(2) van Ordonnansie Nr. 18 van 1954, soos gewysig, dat die Raad van voorneme is

No. 114 1988

KEETMANSHOOP MUNICIPALITY

TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of Section 7(2) of the Ordinance No. 18 of 1954, as amended, that the Council intends drawing up a Town Planning

om vir die Munisipale Gebied van Keetmanshoop 'n dorpsbeplanningskema te laat opstel.

P J BOONZAAIER
STADSKLERK

Munisipale Kantore
Privaatsak 2129
KEETMANSHOOP

Scheme for the Municipal Area of Keetmanshoop.

P J BOONZAAIER
TOWN CLERK

Municipal Offices
Private Bag 2129
KEETMANSHOOP

---

No. 115 1988

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN SANDERBURGSTRAAT, KLEIN WINDHOEK

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1890/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

'n Gedeelte van Sanderburgstraat, Klein Windhoek.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

No. 115 1988

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF PORTION OF SANDERBURG STREET, KLEIN WINDHOEK

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1890/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

Portion of Sanderburg Street Klein Windhoek.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, in accordance with Article 193 (3) of the above Ordinance within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

---